

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Filippense 1 vers 9

Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat julle die dinge kan onderskei waarop dit werklik aankom

Kortpad

Gemeente vier 46 jaar van genade

Besoek van en deurdankoffer vir [Die Gideons](#)

03 Maart 08h30 Eietydse diens Kleuterkerk
03 Maart Geen kategeese
03 Maart 10h00 Klassieke diens
03 Maart 11h00 Jeugpiekniek by Westview Iapa

Nog belangrike datums

Kommunikamma 3 Maart 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Kraggakamma Gemeente vier 46 jaar van genade en voorsiening uit die Vaderhand

Volgens die geskiedenis van ons gemeente is die kerkperseel van die gemeente **Kraggakamma** ["baie / sterk water"] vir R2400 gekoop by die Munisipaliteit. Volgens die gemeenteprofiel het die aanvanklike lidmaattal van 523 die afgelope 46 jaar gegroei tot die huidige 1311. Lees ook die storie oor die herkoms van ons eerste 5 kanselklede en ook oor die simboliek van elke kleed. Die Kraggakamma Arboretum het in September 1994 die Munisipaliteit se Omgewingstoekenning ontvang. Almal kan in die areas van die Kerkerrein en die Voortrekker-terrein maklik meer leer oor inheemse bome en ander plante aan die hand van die naambordjies.

Fonteinvriende vier Valentynsdag

Almal moes vanjaar in rooi getooi wees vir die Fonteinvriende se Valentynsdagviering. Volgens die foto's het almal pragtig gelyk. Die sangeres Berneace Slabbert het die oggend verder opgevrolik deur gospelliedjies te sing.

Skoenboksprojek werkwinkel

Almal is welkom om Donderdag die 14de Maart van 17h00 tot 19h00 te kom help skoebokse verf en verpak. Verskeie items word nog benodig. Kontak Liesel by 083 381 4907 vir meer inligting.

Kermis 2019

Die Witolifanttafel soek enige bruikbare artikels en daar word nog konvenors vir 'n paar tafels gesoek asook trofee jagters wat vleis sal skenk. Kermis 2019

Sake vir gebed

Ons dank die Heer vir 'n geseënde nagmaalsdiens en is dankbaar dat ons Sy liefde mag uitdra, al is ons maar net kleipotte wat maklik breek. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Soedan

Bid vir geleenthede vir Christene in Soedan om plekke van aanbidding te hê [sonder vrees vir vernietiging](#).
Foto

***Padkos* Geloof is òf alles òf niks**

Min mense sal blatant sê hulle glo nie. Almal is so godsdienstig as wat kan kom; almal is "spiritual" soos die Engelse ouens graag sê. Studie op studie wys egter dat selfs baie mense wat hulleself as Christene beskou, nie aldag eens die heel basiese geloofswaarhede van die Bybel glo nie. Geloof is blykbaar vir baie slegs 'n onderdeel van hulle lewe en nie die hartklop van hulle menswees nie. Dit is 'n aanvulling en nie die alternatief nie. Daarom dat ons weer die bekende Christendenker en skrywer, C S Lewis, se padlangse woorde moet hoor: "Christianity is a statement which, if false, is of no importance, and, if true, is of infinite importance. The one thing it cannot be, is moderately important." Ons geloof in die Here moet ons lewe van kop tot tone raak en verander. Anders is ons geloof nie belangrik genoeg nie. Anders is dit alles net vroom taal en mooi rituele. Maar dan loop ons die risiko om God Self mis te loop. Dan beoefen ons godsdienste sonder die evangelie. Dan volg ons ons eie hart na en nie vir Christus nie. Geloof vra alles. Nee, God vra alles. Ons volg Christus met ons hele lewe.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

***ku*bergroete tot volgende keer**

[2019-03-03]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com